

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD12

EKONOMIE

MEMORANDUM

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 LU1 – LU4

1.1 **Verskeie opsies word verskaf as antwoorde op die volgende vrae.**

1.1.1 A ✓✓ (individue)
1.1.2 B ✓✓ (golwe)
1.1.3 C ✓✓ (betalingsbalans)
1.1.4 C ✓✓ (nemer)
1.1.5 A ✓✓ (private)
1.1.6 B ✓✓ (nie-uitsluitbaarheid)
1.1.7 C ✓✓ (kapitaal)
1.1.8 A ✓✓ (verbruikersprysindeks – VPI)
1.1.9 B ✓✓ (aansporings en subsidies)
1.1.10 A ✓✓ (afneem)
1.1.11 B ✓✓ (eko-)
1.1.12 C ✓✓ (is niehernubaar nie) (12 x 2) (24)

1.2 **Gee EEN term vir elk van die beskrywings deur 'n term uit die lys te kies**.

1.2.1 Sakesiklus ✓✓
1.2.2 Kostevoordeelontleding ✓✓
1.2.3 Mark ✓✓
1.2.4 Ekonomiese groei ✓✓
1.2.5 Kostedruk/koste-inflasie✓✓ (5 x 2) (10)

1.3 **Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A.**

1.3.1 B ✓✓ (druk 'n land se uitvoerpryse in terme van sy invoerpryse uit)
1.3.2 C ✓✓ (die verspreiding van inkomste tussen groepe van die bevolking)
1.3.3 G ✓✓ (die verandering in totale koste wanneer produksie met een ekstra eenheid toeneem)
1.3.4 A ✓✓ (magtig en verbied groot samesmeltings en oornames)
1.3.5 D ✓✓ (die proses waardeur die hele wêreld 'n enkele mark word)
1.3.6 H ✓✓ ruimtelike gebied wat een area aan 'n ander verbind en spesifieke voordele aan myne, vervaardiging en ander besighede bied.)
1.3.7 E ✓✓ (hitte vasgevang binne die atmosfeer)
1.3.8 F✓✓ ('n konferensie wat op klimaatsverandering fokus) (8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2 LU1 AS1 – AS4 MAKRO-EKONOMIE

2.1 **Kies die korrekte woord van dié gegee tussen hakies:**

2.1.1 Produksie ✓✓

2.1.2 Piek ✓✓

2.1.3 Drie ✓✓

2.1.4 Hoër ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 **Noem enige DRIE aanwysers wat vooruitskattings van sakesiklusse ondersteun.**

- Leidende aanwysers ✓✓
- Sloerende aanwysers ✓✓
- Samevallende aanwysers ✓✓
- Lengte ✓✓
- Amplitude ✓✓
- Tendens ✓✓
- Ekstrapolasie ✓✓
- Bewegende gemiddeldes ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

2.3 **Bestudeer die uittreksel en grafiek en beantwoord die vrae wat volg:**

2.3.1 **Definieer die term wisselkoers .**

Die prys van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid ✓ bv. $1 = R9,00 ✓ (2)

2.3.2 **Verduidelik die negatiewe impak van stakings op die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Verlies aan werksure ✓✓
- Verlies aan produksie ✓✓
- Verlies aan inkomste ✓✓
- Afname in uitvoere/Betalingsbalansprobleme ✓✓
- Verlies van werk ✓✓

Enige ander relevante antwoord (4)

2.3.3 **Dink jy Suid-Afrika het meer direkte buitelandse investering gedurende April 2011 gelok? Motiveer jou antwoord**.

Nee✓ Die wisselkoers is nie gunstig nie/ rand is sterker ✓✓ en daarom sal jy minder waarde kry vir hul geldeenheid✓
(Enige ander relevante antwoord) (4)

2.4 **Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg**.

2.4.1 **Wat is die doel van die jaarlikse begroting?**

Gee effek aan die fiskale beleid van die staat ✓✓
Rig die staat om by sy makro-ekonomiese doelwitte uit te kom✓✓
(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.4.2 **Die Staat het aansienlike groot bedrae geld aan die implementering van e-tolhekke in Suid-Afrika bestee. Wat kan die staat doen om hierdie geld te verhaal?**

- e-tol-fooie ✓✓
- styging in lisensiegelde ✓✓
- 'n gedeelte van die padongeluksfonds ✓✓
- toename in pad boetes ✓✓
- styging in brandstofheffings ✓✓
  (Enige ander relevante antwoord) (2)

2.4.3 **Wat kan werkgewers doen om die negatiewe impak van stakings op produksie te verminder?**

- Bied loonverhogings aan ✓✓
- Beter werkstoestande ✓✓
- Beter dienste ✓✓
- Bevorderings ✓✓
  (Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.4.4 **Dink jy die minister van finansies kan die vuurpyl keer wat in sy rigting beweeg? Motiveer jou antwoord.**

Nee ✓✓ die besteding van die staat (die vuurpyl) is veel groter as die inkome (skild).
Die minister sê dat hy sy mense gedek het ✓✓ maar die vuurpyl is baie groter as sy beskerming.✓✓

Ja ✓✓ die minister kan deur die MTBR aanbevelings maak om hierdie ekonomiese uitdagings op te los. ✓✓
(Enige ander verduideliking) (2 x 2) (4)

2.5 **Bespreek privatisering as 'n probleem van openbare sektor voorsiening**.

- Privatisering verwys na die oordrag van funksies en eienaarskap vanaf die openbare sektor na die private sektor. ✓✓
- Privatisering lei tot hoër pryse✓✓ wat mense uitsluit van sy verbruik✓✓
- Openbare ondernemings is partykeer burokraties, ondoeltreffend en ongevoelig teenoor die verbruikers se behoeftes en plaas dikwels 'n las op die belastingbetaler. ✓✓
- Openbare ondernemings betaal nie belasting nie; geprivatiseerde ondernemings moet belasting betaal – daardeur sal privatisering die belastingbasis verbreed. ✓✓
- Geprivatiseerde ondernemings het groter toegang tot investering, hulle kan meer innoverend wees en by veranderende ekonomiese toestande aanpas ✓✓
- Privatisering sal meer mense 'n aandeel in die ekonomie en die algemene welvaartspeil gee en kan dien as 'n instrument vir swart ekonomiese bemagtiging. ✓✓
- Hierdie opbrengs sal fondse beskikbaar stel vir besteding op behuising, opvoeding, gesondheidsorg en bystand aan armes. ✓✓
- Die doel van privatisering is om die relatiewe grootte van die openbare sektor te verminder✓✓
- Voordele van privatisering: privatisering stimuleer ekonomiese groei en verbeter die algehele doeltreffendheid en prestasie van die ekonomie ✓✓
- Privatisering verskaf addisionele fondse aan die staat ✓✓
- Privatisering lok buitelandse investering ✓✓ (4 x 2) (8)

2.6 **Verduidelik die Laffer-kurwe met behulp van 'n grafiek**



- Die Laffer-kurwe toon die verband tussen belastingkoerse en belastinginkome wat deur die staat ingesamel word aan. ✓✓
- Die kurwe toon dat as belasting toeneem, staatsinkomste ook styg tot by 'n sekere punt (bv. t_2). ✓✓
- As die belastingkoers verder as t styg (bv. t_1) sal daar 'n afname wees in belastinginkome ✓✓
- Teen 'n hoë belastingkoers is mense geneig om minder te werk. ✓✓
- As die belastingkoers 100% is, sal niemand werk nie, omrede al die inkomste dan aan die staat oorbetaal sal word. ✓✓
- Te hoë belastingkoerse sal lei tot ontduiking en vermyding.✓✓
- Vermindering in belastingkoerse sal lei tot 'n daling in die voorkoms van belastingontduiking en vermyding wat sal dien as 'n aansporing om harder te werk/spaar/investeer.✓✓
- As die belastingkoers 0% is, sal geen belastinginkomste gegenereer word nie ✓✓
- Ekonome gebruik dit om 'n vermindering in inkomstebelasting te regverdig. ✓✓
- Die draaipunt van die kurwe toon die punt aan waar die staat se inkomste uit inkomstebelasting maksimaal is. ✓✓
- Hierdie punt kan wissel van land tot land – die Laffer-kurwe is nie altyd simmetries nie – dit kan 'n piek bereik op 40% of selfs op 90%. ✓✓
- Bewyse dui daarop dat die belastingkoers in die meeste lande onder t is. ✓✓ (Maks 3 x 2) (8)

[50]

VRAAG 3 LU2 AS1 – AS3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 **Kies die korrekte woord tussen hakies:**

3.1.1 Koste ✓✓

3.1.2 Interafhanklik ✓✓

3.1.3 Meer ✓✓

3.1.4 Vry ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 **Noem DRIE voorbeelde van nie-prysmededinging in monopolistiese kompetisie.**

- Produkdifferensiasie ✓✓
- Reklame ✓✓
- Handelsmerk ✓✓
- Verlengde inkopie-ure ✓✓
- Sake doen oor die internet ✓✓
- Na-verkope diens ✓✓
- Lojaliteitsvergoeding ✓✓

(Enige ander relevante voorbeeld) (3 x 2) (6)

3.3 **Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

3.3.1 **Definieer die term markmislukking**

Wanneer die firma nie die korrekte hoeveelheid goedere produseer soos wat verlang word deur die verbruiker / wanneer hulpbronne onderbenut of oorbenut word in die produksieproses / firmas wat nie produksie- of allokasiedoeltreffendheid bereik nie. ✓✓
(Enige ander relevante antwoord) (2)

3.3.2 **Identifiseer die oorsaak van markmislukking aangedui in C.**

Onvolmaakte markte ✓✓ (2)

3.3.3 **Verduidelik hoe negatiewe eksternaliteite (besoedeling) na markmislukkings lei**.

- Besoedeling behels 'n sosiale koste wat nie in die markprys weerspieël is nie. ✓✓
- Daarom is goedere oorgeproduseer as wat verlang word deur die gemeenskap. ✓✓ (2 x 2) (4)

3.3.4 **Watter maatreël kan die owerheid neem om die negatiewe impak van niemeriete goedere te hanteer?**

- Verbied verbruik ✓✓
- Verhoog belasting ✓✓
- Verskaf inligting oor hul skadelike effekte ✓✓ (1 x 2) (2)

3.4 **Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg:**

3.4.1 **Watter hoeveelheid goedere sal deur die individuele onderneming geproduseer word? Gee 'n rede vir jou antwoord**.

Q2 ✓✓ omdat marginale koste = marginale inkome wat Winsmaksimering verseker ✓✓ (4)

3.4.2 **Identifiseer die wins aangedui deur punt A.**

Normale wins ✓✓ (2)

3.4.3 **Verduidelik die belangrikheid van punt B rakende produksie en koste** .

Na punt B word as die sluitingspunt verwys ✓✓
Die firma sal produksie staak as hy nie sy gemiddelde veranderlike koste kan dek nie. ✓✓ (4)

3.5 **Bespreek TWEE doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kompetisiebeleid.**

- **Verbeter doeltreffendheid van markte** ✓✓ doeltreffendheid is belangrik aangesien hulpbronne skaars is en behoeftes onbeperk is. ✓✓ slegs doeltreffende produsente sal oorleef in 'n mededingende mark- die wat verliese aangaan sal die mark moet verlaat. ✓✓
- **Verbeter gelykheid in markte** deur toegang te verseker van daardie mense wat voorheen benadeel was, nou 'n gelyke geleentheid tot deelname in die ekonomie te verseker ✓✓
- **Bydrae tot ontwikkelingsdoelwitte** ✓✓
- **Voorkom die misbruik van ekonomiese mag** bv. Monopolis) ✓✓
- **Reguleer die groei van mag** op die mark deur middel van oornames en samesmelting ✓✓
- **Voorkom beperkende praktyke** bv. die vasstel van verkooppryse, samespanning of prysdiskriminasie ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

3.6 **Verduidelik hoe samespanning die oligopoliemark kan beïnvloed**

- Geen onderneming is verseker van die beleid van sy mededingers nie – funksioneer in 'n onsekere omgewing. ✓✓
- Om onsekerhede te verminder – staan oligopolieë saam – hulle besluit op pryse en hoeveelhede wat geproduseer moet word – hoër winste✓✓
- Twee vorme: kartelle: ✓✓ waar kollusie openlik en formeel voorkom. ✓✓ hulle doel is 'n kollektiewe monopolie ✓✓ gereelde probleme wat voorkom is lede wat kul deur pryse te sny en meer van hulle kwotas te verkoop. ✓✓
- Prysleierskap: ✓✓ samespanning word deur die wet verbied ✓✓ die een onderneming bepaal die prys en die ander ondernemings tree as prysvolgers op ✓✓ die prysleier is gewoonlik die grootste en dominante onderneming in die nywerhede met die laagste produksiekoste. ✓✓
- Samespanning is meer suksesvol wanneer 'n klein aantal firmas betrokke is, wat kommunikasie meer effektief maak ✓✓as firmas min of meer dieselfde produksiekoste het ✓✓ as die produk homogeen is ✓✓ as daar beperkings tot toetrede van die mark is ✓✓ as die staat nie inmeng ✓✓ (8)

[50]

VRAAG 4 LU3 AS1 – AS4 EKONOMIESE STREWES

Kies die korrekte woord tussen hakies:

4.1 4.1.1 Belastingstelsel ✓✓

4.1.2 Lang ✓✓

4.1.3 Handelsorganisasie ✓✓

4.1.4 Lae ✓✓ (4 x 2) (8)

4.2 **Noem DRIE beleide wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik word om die ongelykhede van die verlede aan te spreek.**

- Grondherverdeling ✓✓
- Grondrestitusie ✓✓
- Regstellende aksie ✓✓
- SEB ✓✓
- Gelyke indiensneming ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 2) (6)

4.3 **Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

4.3.1 **Verduidelik die term opkomende markte**

Ontwikkelende ekonomieë wat daarin slaag om beleggings vanaf ontwikkelde ekonomieë te kry weens hulle potensiaal om te groei.✓✓
(Enige ander verduideliking) (2)

4.3.2 **Volgens jou mening hoekom is beleggersvertroue in Suid-Afrika swak?**

- Politiese onstabiliteit ✓✓
- Stakings wat produksie beïnvloed ✓✓
- Sprake van nasionalisering ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3 **Gee EEN moontlike rede waarom China, van al die opkomende markte, so suksesvol is.**

- Gevorderde vervaardigingstegnologie ✓✓
- Hulle kan die wêreldmark-aandeel vergroot te danke aan meer kompeterende pryse ✓✓
- Goedkoop arbeid ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

4.3.4 **Noem die onlangs gestigte ooreenkoms van opkomende ekonomieë wat uit vyf lidlande bestaan.**

BRICS ✓✓ (2)

4.4 **Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.**

4.4.1 **Definieer die term per capita Reële Bruto Binnelande Produk**

Die gemiddelde aantal goedere en dienste wat deur 'n persoon in 'n land geproduseer is. ✓✓
Om die getal te bereken, word die Reële BBP gedeel deur die bevolkingsyfer ✓✓ (2)

4.4.2 **Watter stappe kan die Suid-Afrikaanse regering neem om die toename in werkloosheid om te keer?**

- Skep werkgeleenthede ✓✓
- Ontwikkel vaardighede ✓✓
- Verskaf openbarewerke-programme ✓✓
- Inisieer jeug arbeidsubsidies ✓✓

(Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.4.3 **Waarom word die BBP aanwyser in reële waardes eerder as nominale waardes uitgedruk?**

- Reële waardes neem inflasie in ag en sal 'n meer akkurate groeikoers gee. ✓✓
- Die uitdrukking van die BBP syfers in nominale waardes sal 'n skewe interpretasie van produksie in die ekonomie gee. ✓✓
- Hierdie kan die groeibeleide in die verkeerde rigting beïnvloed. ✓✓ (Enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.5 **Verduidelik Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrika.**

- ROI-programme trek infrastruktuur en besigheidsbeleggings na onderontwikkelde gebiede met die primêre doel om werk te skep ✓✓
- Departement van Handel en Nywerheid is die dryfkrag agter nywerheids- en ruimtelike ontwikkeling ✓✓
- DHN beplan tesame met sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede, NOK, parastatale en navorsingsinstitute ✓✓
- Nywerheidsontwikkelingsbeleid Program (Ruimtelike Ontwikkeling) het 2 fokuspunte: – ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) en
  - finansiële insentiewe ✓✓
- ROI verwys na die nasionale owerheidinisiatief-programme gerig op ontsluiting van inherente en ondergebruikte ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van sekere spesifieke ruimtelike gebiede in SA. ✓✓
  - **Sleutelmikpunt**e:
    - Stimuleer ekonomiese aktiwiteit in selektiewe strategiese gebiede ✓✓
    - Genereer ekonomiese groei en bevorder volhoubare nywerheidsontwikkeling ✓✓
    - Ontwikkel projekte of infrastruktuur in sekere areas en finansier hulle deur lenings en privaatsektor-investering ✓✓
    - Skep privaat-publieke vennootskappe (PPV's) ✓✓
- In areas met hoë armoede en werkloosheid, ROI fokus op:
  - Hoë-vlak ondersteuning in areas waar sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde owerheidsbystand vereis ✓✓
  - Waar inherente ekonomiese potensiaal bestaan ✓✓
- Die benadering is gerig op internasionale mededingendheid, streeksamewerking en 'n meer gediversifiseerde eienaarskapsbasis ✓✓
- Sekere van die vernaamste fokuspunte van die ROI-program is:
  - Lubombo Korridor (agritoerisme, onderwys, kundigheid, nywerheids- en landbousektore) ✓✓
  - KwaZulu-Natal (hawens van Durban en Richardsbaai) ✓✓
  - Weskus ROI (visvangs en nywerheidshawe) ✓✓
  - Kus-tot-Kus Korridor met (nywerhede, toerisme en vervoer) ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)

4.6 **Bespreek kortliks die gebruike van per capita syfers.**

- Aanwyser van ekonomiese ontwikkeling ✓✓ in lande waar ekonomiese ontwikkeling noodsaaklik is, is dit belangrik om per capita reële inkome te verhoog.✓✓
- Om lewenstandaarde te vergelyk ✓✓ per capita BNI word as verteenwoordiger van die lewenstandaard van mense gebruik – syfers vir vergelyking word omgeskakel na VSA dollar. ✓✓
- Om lewensstandaarde aan te dui✓✓dit dui die inkome aan wat die burgers van 'n land ontvang ongeag van geografiese grense ✓✓

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 4) (8)

[50]

VRAAG 5 LU4 AS1 – AS4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

5.1 **Kies die korrekte woord tussen hakies:**

5.1.1 Vraag ✓✓

5.1.2 Statistiek Suid-Afrika ✓✓

5.1.3 Binnelandse ✓✓

5.1.4 Besoedeling ✓✓ (4 x 2) (8)

5.2 **Noem DRIE voorbeelde van geadministreerde pryse, goedere en dienste.**

- Elektrisiteit ✓✓
- Brandstof ✓✓
- Paraffien ✓✓
- Medisyne ✓✓
- Openbare hospitale ✓✓
- Telefoon en selfoon oproep tariewe ✓✓
- Huur van telefoonlyne ✓✓
- Telefoon installasies ✓✓
- Posgelde✓✓
- Televisie en radiolisensies ✓✓
- Busfooie ✓✓
- Treinfooie ✓✓
- Lisensies ✓✓
- Registrasie van vervoer ✓✓
- Skool- en universiteitskoshuisgelde ✓✓
- Assessorsfooie en eiendomsbelasting ✓✓
- Sanitêre dienste ✓✓
- Rioolverwydering ✓✓
- Water ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

5.3 **Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**

5.3.1 **Gee 'n ander term vir die onaangepaste VPI-inflasiekoers.**

Hooflyninflasie ✓✓ (2)

5.3.2 **Soms word sekere goedere uitgesluit van die berekening van 'n sekere tipe inflasie. Noem EEN goed wat uit hierdie mandjie in die toekoms uitgesluit sal word.**

- Mosterd ✓✓
- Sakrekenaars ✓✓
- Vissmeer ✓✓
- Rooiworsies ✓✓ (2)

5.3.3 **Waarom sal werkers neig om hoër lone te eis as die amptelike inflasiekoers toeneem?**

Om dieselfde lewensstandaard te geniet ✓✓
(Enige ander relevante feit) (2)

5.3.4 **Waarom dink jy was dit nodig om die VPI-mandjie aan te pas?**

- Hierdie is produkte wat tans deur die huishoudings gebruik word. ✓✓
- Meeste SA huishoudings maak gebruik van die nuwe toevoegings tot die mandjie. ✓✓

(Enige ander relevante antwoord) (4)

5.4 **Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

5.4.1 **In watter provinsie is Mapungubwe geleë?**

Limpopo ✓✓ (2)

5.4.2 **Noem enige EEN waardevolle goue item wat in Mapungubwe gevind is.**

- goue renoster ✓✓
- goue septer ✓✓
- goue bak ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

5.4.3 **Hoe kan huishoudings baat by hierdie Wêrelderfenisterrein (Mapungubwe)?**

- **Inkomste**: Werkskepping in die omliggende dorp of naby die terrein.✓✓
- **Infrastruktuur:** toeriste en die plaaslike mense sal baat deur die gebruik van beter paaie, hotelle, telefone en water. ✓✓
- **Vaardighede**: leerders het die geleentheid om onderrig in Toerisme as vak te ontvang. ✓✓

(Enige ander relevante feit) (Enige 2 x 2) (4)

5.4.4 **Noem enige ander Wêrelderfenisterrein wat in Suid-Afrika gevind word.**

- Isimangaliso ✓✓
- Kaapfynbos Streek ✓✓
- uKhahlamba Drakensberg Park ✓✓
- Richtersveld ✓✓ (1 x 2) (2)

5.5 **Onderskei tussen die verbruikers- en produsenteprysindeks.**

Verbruikersprysindeks	Produsenteprysindeks
Verwys na lewenskoste ✓	Verwys na produksiekoste ✓
Mandjie bestaan uit verbruikers-goedere en dienste ✓	Mandjie bestaan slegs uit goedere ✓
Kapitaal en intermediêre goedere is uitgesluit ✓	Kapitaal en intermediêre goedere is ingesluit ✓
Pryse sluit BTW in ✓	Pryse sluit BTW uit ✓
Rentekoers word in berekening gebring ✓	Rentekoerse word uitgesluit ✓
Pryse van invoere goedere word nie duidelik aangewys ✓	Pryse van invoer goedere word duidelik aangewys ✓

(2 x 4) (8)

5.6 **Bespreek die Suid-Afrikaanse beleid oor die bewaring van omgewings-bates.**

- Die swakhede in die oplossings wat die markstelsel bied, noodsaak die regering om omgewingsbates te bewaar. ✓✓
- Die staat kan **koop of onteien** ✓✓- onder staatsbeheer en – bestuur kan die gemeenskap se welvaart maksimeer, maar dit kan duur wees – in sommige gevalle word toegang tot sulke bates gesluit vir die publiek bv. inheemse woude ✓✓
- Die staat kan **subsidieer** ✓✓ die ekosisteem by die riviermond kan in private besit gelaat word, maar 'n toelae kan betaal word vir die instandhouding daarvan, of 'n belastingtoegewing kan gemaak word. ✓✓
- Staat **beheer** ✓✓ die eienaar kan gedwing word om beheer toe te pas oor die aantal besoekers per dag wat toegelaat word. ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)
[50]

VRAAG 6 LU1 & LU2 AS1 – AS4 MAKRO- & MIKRO-EKONOMIE

6.1 **Kies die korrekte woord tussen hakies:**

6.1.1 Storting ✓✓

6.1.2 Openbare ✓✓

6.1.3 Negatiewe helling ✓✓

6.1.4 Verbruiker ✓✓ (4 x 2) (8)

6.2 **Noem die DRIE hoofeienskappe van die fiskale beleid.**

- doelwitgebonde ✓✓
- siklies ✓✓
- vraagsydig✓✓ (3 x 2) (6)

6.3 **Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

6.3.1 **Definieer die term handelsbalans.**

Verskil tussen goedere-uitvoer en -invoer. ✓✓ (2)

6.3.2 **Bespreek die algemene tendens van die saldo op die lopende rekening vanaf 2006 tot 2011.**

Elke jaar dui 'n tekort aan. ✓✓ (2)

6.3.3 **Noem EEN item wat voorkom in die finansiële rekening van die betalingsbalans**

Direkte beleggings ✓✓
Portefeuljebeleggings ✓✓
Ander beleggings ✓✓
(Aanvaar indien gespesifiseer) (Enige 1 x 2) (2)

6.3.4 **Stel TWEE metodes voor om die saldo op die lopende rekening te verbeter**

- 'n Swakker rand ✓✓
- Wisselkoers ✓✓
- Leen en uitleen vanaf die IMF ✓✓
- Verandering in vraag ✓✓
  - uitvoerbevordering
  - invoervervanging ✓✓
  - rentekoerse ✓✓
  - invoerbeheer ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

6.4 **Bestudeer die embleme (logo's) en beantwoord die vrae wat volg.**

6.4.1 **Watter markstruktuur word deur die embleme voorgestel?**

Oligopolie ✓✓ (2)

6.4.2 **Bespreek die helling van 'n tipiese vraagkurwe vir die bostaande mark.**

Afwaartse helling van links na regs ✓✓ (2)

6.4.3 **Verduidelik waarom nywerhede in hierdie industrieë nie in terme van pryse op die produk meeding nie**.

Hulle kompeteer op die basis van produkdifferensiasie en doeltreffende diens ✓✓onderwaardeer deur reklame. ✓✓ (4)

6.4.4 **Wat kan die bostaande vervaardigers doen om hulle markaandeel te vergroot?**

- Na-verkope dienste ✓✓
- Handelsmerke ✓✓
- Reklame ✓✓
- Deur tot deur verkope ✓✓
- Internet verkope ✓✓

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

6.5 **Differensieer tussen produksie- en allokasie-ondoeltreffendheid**

Produksie-ondoeltreffendheid

- In terme van koste beteken dit dat die besighede nie produkte teen die laagste moontlike koste produseer nie. ✓✓
- Daar is ruimte om koste te verlaag sonder om minder goedere te produseer of 'n swakker kwaliteit produk te lewer. ✓✓
- In terme van grenskoste beteken dit dat een produsent 'n addisionele eenheid van 'n produk teen 'n laer ekstra (marginale) koste as die ander in die nywerheid kan produseer.✓✓

Allokasie-ondoeltreffenheid

- Hierdie soort ondoeltreffendheid beteken dat die produksie verskeidenheid nie verbruikers se smake weerspieël nie, derhalwe word hulpbronne nie in die regte verhoudings toegedeel nie. ✓✓
- Die hoeveelhede wat verbruikers verkies, is nie beskikbaar nie.✓✓

(Enige 2 x 4) (8)

6.6 **Bespreek die redes vir openbaresektor-mislukking in Suid-Afrika**

- **Bestuursmislukking** ✓✓ onkunde, gebrek aan leierskap, gebrekkige opleiding en ervaring is gedrag wat die welvaart van iemand verbeter ten koste van iemand anders.✓✓

- **Onverskilligheid** ✓✓ Suksesvolle openbare produksie berus op langtermyntoerekenbaarheid. ✓✓In ontwikkelende lande is daar dikwels nie toerekenbaarheid nie. Kliënte het geen seggenskap nie. ✓✓

- **Gebrek aan motivering** ✓✓Eersteliniewerkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering. ✓✓ Daar is gewoonlik wening voorskrifte vir kwaliteit en kwantiteit diens, effektiwiteit en produktiwiteit word nie gemeet nie en daar is gevolglik ook geen beloning of straf daarvoor nie. ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

PUNTETOEKENNING VIR OPSTEL ANTWOORDE

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL		PUNTETOEKENNING
Inleiding		Maks 3
Inhoud:		
• Hoofdeel:	Byvoorbeeld: bespreek/onderskei/differensieer/ verduidelik/ analiseer/evalueer/assesseer	Maks 30
• Addisionele deel:	Byvoorbeeld: trek 'n grafiek of diagram/aflei/ oorsig/verduidelik kortliks/jou eie opinie/ ondersteun	Maks 10
Slot		Maks 2
Interpretasie		Maks 5
TOTAAL		**50**

VRAAG 7 LU1 AS1 MAKRO-EKONOMIE

Daar is 'n konstante vloei van geld, goedere en dienste in die ekonomie.

- **Bespreek die interaksie tussen die deelnemers in 'n oop ekonomie. (30)**
- **Konstrueer 'n volledig benoemde diagram om die oop ekonomiese kringloopmodel te illustreer. (10)**

INLEIDING

Die ekonomiese kringloop-vloeimodel is 'n eenvoudige wyse waarop die ekonomie werk en die verwantskap tussen inkome, produksie en besteding in die ekonomie as 'n geheel. Die ekonomiese kringloop-vloeimodel van 'n oop ekonomie toon die werking van 'n ekonomie wat oop is vir buitelandse handel. Dit verskil van 'n geslote ekonomie, omdat die buitelandse sektor ingesluit word.✓✓✓ **(Maks 3)**
Aanvaar enige ander relevante inleiding.

LIGGAAM

Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **huishoudelike sektor en die besigheidsektor** ✓✓ Huishoudings verdien inkomste in die vorm van lone deur die verkoop van produksiefaktore aan ondernemings.✓✓ Ondernemings gebruik produksiefaktore om goedere en dienste te produseer waarop huishoudings hul inkomste spandeer ✓✓ Die besigheid ontvang dus 'n inkomste.✓✓

Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **huishoudelike sektor en die staat** ✓✓ Die huishoudelike sektor verskaf arbeid aan die staat en ontvang 'n inkomste ✓ Die staat voorsien publieke goedere en dienste aan huishoudings ✓✓ bv. parke en hospitale ✓✓ waarvoor hulle (huishoudings) belasting betaal ✓✓ Dit is 'n inkomste vir die staat✓✓

Daar is 'n vloei van geld en goedere en dienste tussen die **besigheidsektor en die staat** ✓✓ Die besigheidsektor verskaf die staat van goedere en dienste waarvoor die staat betaal.✓✓ Die staat voorsien die besigheidsektor van publieke goedere en dienste waarvoor hulle belasting in ruil betaal ✓✓

Daar is 'n vloei van goedere (invoere) na die **besighede vanaf die buitelandse sektor** ✓✓ waarvoor die besigheid betaal ✓✓Dit word beskou as 'n uitgawe vir die besigheid ✓✓ Daar is ook 'n vloei van goedere vanaf die besigheid na die buitelandse sektor ✓✓ Dit is 'n inkomste vir die besigheid.✓✓

Die **finansiële sektor** bestaan uit banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse ✓✓ Hulle tree op as verbinding tussen huishoudings en besighede wat surplusgeld het teenoor dié wat 'n tekort aan fondse ervaar ✓✓ Die geld wat huishoudings en besighede voorsien aan die finansiële sektor staan bekend as besparing ✓✓ Die besteding op kapitaal toerusting deur besighede word gesien as belegging✓✓ **(Maks 30)**



Die vier sektor oop ekonomiese kringloopmodel.

Opskrif ✓
Deelnemers ✓
Vloeie/Rigting
Reële ✓✓
Geld ✓✓
Lekkasies ✓
Inspuitings ✓
Markte ✓✓
(Maks. 10)

(Maks 10)

SLOT

In Suid-Afrika het die individuele en maatskappybelasting oor die laaste dekade gedaal
Enige toepaslike slot. ✓✓ (Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1–15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16–30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp. (31–45)

(Maks 5 punte)

[50]

VRAAG 8 LU2 AS1 & AS3 MIKRO-EKONOMIE

Suiwer monopolieë kom selde voor, alhoewel ons gereeld eienskappe van die monopolie in ons besighede vind.

- **Bespreek die monopolie as 'n markstruktuur. (30)**
- **Teken 'n volledig benoemde grafiek om die ekonomiese wins vir die monopolis te illustreer. (10)**

INLEIDING

Die monopolie is 'n markstruktuur waar daar net een verkoper (produsent) optree. Toegang tot die mark is geblokkeer en daar is geen naby substitute nie. ✓✓✓
Enige ander relevante definisie **(Maks 3)**

LIGGAAM

STRUKTUUR VAN DIE MONOPOLIE

Aantal besighede ✓	Die aantal ondernemings is nie so belangrik soos hulle gedrag nie veral as daar gekyk word na 'n toestand waar die individuele besigheid die verkoopsprys kan beïnvloed ✓✓ Die monopolis is 'n prysmaker wat 'n invloed het op die prys van die produkte. ✓✓
Aard van die produk ✓	Die goedere wat deur die monopolis aangebied word, is uniek van aard. ✓✓
Toegang ✓	Dit verwys na hoe maklik of moeilik dit vir ondernemings is om tot die mark toe of uit te tree ✓✓ Toegang onder monopolistiese mededinging is heelwat geblokkeer. ✓✓
Die beheer van ondernemings oor die prys van die produk. ✓	Die monopolis is die enigste onderneming in die mark wat aansienlike beheer het oor die prys van die produkte – hulle is prysmakers of prysbepalers. ✓✓
Inligting ✓	Alle inligting rakende marktoestande moet aan kopers en verkopers beskikbaar wees ✓✓ 'n monopolis beleef geen onsekerheid rakende markinligting nie. ✓✓
Vraagkurwe ✓	Die vraagkurwe van 'n monopolis het 'n negatiewe helling ✓✓ en is gelyk aan die markvraagkurwe wat die totale aanbod op die mark reflekteer.✓✓
Langtermyn ekonomiese wins ✓	Aangesien daar geen mededingers is wat die mark oor die langtermyn betree nie, word die ekonomiese wins steeds oor die langtermyn behaal ✓✓
Verkoper se markkrag ✓	Baie – die monopolie is 'n prysmaker✓✓
Tegniese doeltreffendheid ✓	Is moontlik vir die monopolie ✓✓
Allokasie doeltreffendheid ✓	Geen allokasiedoeltreffendheid rakende die monopolie nie ✓✓

(Maks 30)

EKONOMIESE WINS ✓



Opskrif van grafiek = 1 punt
Benoeming op as = 1 punt
Benoeming van as = 1punt
Benoeming en kurwe (MK) = 1 punt
Benoeming en kurwe (GK) = 1 punt
Benoeming en kurwe (GI) = 1 punt
Benoeming en kurwe (MI) = 1 punt
Aandui van Winsmaksimering punt (e) = 2 punte
Skadu ekonomiese wins = 2 punte
Maks 10 punte

SLOT

Ons sien dat die monopolis minder produseer oor die langtermyn, 'n hoër prys vir die produk aanvra, 'n ekonomiese wins maak en nie teen die laags moontlike koste produseer nie.✓✓ **(Maks 2)**
Enige ander relevante slot

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5) **[50]**

VRAAG 9 LU3 AS3 EKONOMIESE STREWES

Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid bestaan uit uitvoerbevordering en invoervervanging.

- **Bespreek invoervervanging as deel van Suid-Afrikaanse se internasionale handelsbeleid. (30)**
- **Volgens jou mening, hoe kan 'n beleid van vryehandel Suid-Afrika bevoordeel? (10)**

INLEIDING

Invoervervanging is die vervanging met plaaslik geproduseerde goedere wat voorheen ingevoer is. Die doelwit is om plaaslike nywerhede te ontwikkel, indiensnemingsgeleenthede te verhoog en Suid-Afrika se betalingsbalans te verbeter ✓✓✓
Enige ander relevante definisie **(Maks 3)**

LIGGAAM

STADIUMS VAN IMPLEMENTERING:

- Invoere van eenvoudige verbruiksgoedere bv. Tekstiele en skoene word vervang met plaaslike produksie ✓✓
- Binnelandse nywerhede word opgerig en vervang 'n wye reeks meer gesofistikeerd-vervaardigde items ✓✓

VORME VAN INVOERVERVANGING:

- **Vrywillige invoervervanging** ✓✓ pogings deur lande om hul eie nywerhede as deel van ekonomiese ontwikkelingstrategie te ontwikkel ✓✓ bv. Yskor ✓✓
- **Gedwonge invoervervanging** ✓✓ sekere lande word gedwing om sekere goedere te produseer omdat hulle uitgesluit word van deelname aan internasionale handel ✓✓ deur handelsanksies (lande verbied handel met 'n sekere land) ✓✓ boikotte (vrywillige maatreëls om nie met 'n sekere land handel te dryf nie) ✓✓ disinvestering (buiteland onttrek hul beleggings uit 'n land) ✓✓

REDES VIR INVOERVERVANGING:

- **Diversifikasie** ✓✓ staan bekend as die uitbreiding van vervaardiging wat lande minder afhanklik van die buiteland maak en gee hul meer beheer oor hul eie ekonomieë ✓✓ die kleuternywerheidsargument word gebruik om beskermingsmaatreëls te regverdig, en om in staat te wees om internasionaal onafhanklik en onafhanklik van beskerming te raak soos hul die skaal van produksie uitbrei ✓✓
- **Handel** ✓✓ ontwikkelende lande maak staat op natuurlike hulpbronne as basis vir ekonomiese groei en ontwikkeling ✓✓ en voer hoofsaaklik minerale en landbouprodukte uit ✓✓ groei kan egter versnel as ontwikkelende lande self vervaardigde goedere produseer ✓✓

METODES VAN INVOERVERVANGING:

- **Tariewe en doeaneregte** ✓✓ belasting op ingevoerde goedere kan ad valorem (persentasie) of spesifiek (as bedrag per eenheid) wees ✓✓ pryse van ingevoerde goedere sal styg en die plaaslike vraag na binnelandse produksie verskuif ✓✓
- **Kwotas** ✓✓ beperk die aanbod van 'n goed of diens ✓✓ dit plaas 'n beperking op invoere en verminder aanbod (pryse styg) ✓✓
- **Subsidies** ✓✓ aan binnelandse sakeondernemings wat goedere uitvoer wat hulle kan beskerm ✓✓
- **Valutabeheer** ✓✓ owerhede of vryhandelgebiede kan die hoeveelheid buitelandse valuta beperk wat beskikbaar gestel word vir invoere, belegging of reise oorsee ✓✓
- **Fisiese beheer** ✓✓ in die vorm van 'n totale verbanning of embargo op die invoere van sekere goedere ✓✓ bv. wapentuig en dwelms ✓✓
- **Wegkeer van handel** ✓✓ maatreëls wat dit moeilik maak om van oorsee af in te voer is invoerdeposito's, tydrowende doeaneprosedure en kwaliteitstandaarde ✓✓

VOORDELE VAN INVOERVERVANGING:

- **Gemaak om te implementeer deur die heffing van tariewe en kwotas** ✓✓
- **Industriële ontwikkeling word aangemoedig** ✓✓
- **Werksgeleenthede neem toe** ✓✓
- 'n Afname in **invoere** het 'n positiewe invloed op die betalingsbalans✓✓

NADELE VAN INVOERVERVANGING:

- Dit lei nie noodwendig tot 'n totale afname in **invoere** nie ✓✓ Suid-Afrika moes kapitaal en intermediêre goedere invoer om verbruiksgoedere te produseer ✓✓
- Onvoldoende **plaaslike produksie** omdat plaaslike produsente beskerm word teen internasionale kompetisie ✓✓
- Binnelandse verbruikers word gedwing om goedere teen **hoër pryse** op die internasionale mark te koop ✓✓
- Duur en onekonomiese **projekte** is opgerig bv. Mossgas ✓✓

SKEPTISISME – REDES:

- Beskerming beteken groter winste vir die eienaars van die beskermende nywerhede, terwyl dit hulle van die felheid van mededinging geïsoleer word, gevolglik daal hulle **doeltreffendheid en die beskermende nywerheid raak nooit volwasse nie.** ✓✓
- Dit versprei nie **werklik industrialisasie** – terugwaartse skakeling materialiseer dikwels nie. ✓✓
- Verbruikers moet dikwels **hoër pryse** betaal vir goedere van 'n minderwaardige gehalte soms by nie-noodsaaklike nywerhede. ✓✓ **(Maks 30)**

Hoe kan 'n beleid van vryehandel Suid-Afrika bevoordeel?

- **Spesialisasie** ✓✓ lei tot komparatiewe voordele vir 'n land in dié produk wat hulle die grootste produksievoordeel geniet ✓✓
- **Ekonomieë van skaal** ✓✓ word geskep deur verminderde eenheidskoste ✓✓

- **Keuse** ✓✓ van verbruikers vergroot omdat hulle kan kies wat hulle wil koop ✓✓
- **Innovering** ✓✓ vryhandel impliseer kompetisie, beter produksiemetodes, sny van koste en verbeterde kwaliteit en geloofwaardigheid van produkte ✓✓

(Maks10)

SLOT

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik wat invoervervanging beteken – dat lande poog om meer selfonderhoudend en onafhanklik te raak. Deur die implementering van tariefbeskerming, het Suid-Afrika 'n inwaartse beleid bekendgestel. Die Wêreldoorloë het vervaardiging gestimuleer te wyte aan isolasie van die buiteland. ✓✓ **(Maks 2)**
Enige ander relevante slot.

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1–15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16–30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp. (31–45)

(Maks 5) **[50]**

VRAAG 10 LU4 AS2

Toerisme speel 'n belangrike rol in die wêreldekonomie.

- **Bespreek die effek van toerisme op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (30)**
- **Stel maniere voor hoe belastinginkomste aangewend kan word om toerisme te bevorder. (10)**

INLEIDING

Toerisme verteenwoordig 'n unieke nywerheid in 'n ekonomie, omdat sy effek uitkring ver verby die toeristebedryf self. Toerisme is 'n bedryf wat 'n aansienlike ekonomiese stimulus is vir ander nywerhede ✓✓✓
Enige ander relevante definisie **(Maks 3)**

LIGGAAM

BESPREEK DIE EFFEKTE VAN TOERISME OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

1. Bruto Binnelandse Produk (BBP) / Ekonomiese groei/Direkte buitelandse besteding deur toeriste ✓✓

- Direkte impak 3.9% van BBP in 2005 ✓✓
- Indirekte impak is om en by 9.0% in reële terme – meer as die bydrae van goud tot die ekonomie. ✓✓
- Verskil van land tot land – Mauritius ontvang 'n 1/3 van sy nasionale inkome vanaf hierdie sektor. ✓✓
- Groter impak op dienste industrie as op landbou en vervaardiging ✓✓

2. Indiensneming / Entrepreneursgeleenthede en die informele sektor ✓✓

- Wêreld Reis- en Toerismeraad (WRRT) beraam dat ½ miljoen werksgeleenthede in 2002 direk deur toerisme geskep is – 1/3 van die ekonomie se werksmag. ✓✓
- Grootste verskaffer van werksgeleenthede en verdiener van buitelandse valuta ✓✓ industrie is arbeidsintensief ✓✓ neem baie vaardighede in diens ✓✓ kan onmiddellike werk verskaf ✓✓ voorsien entrepreneursgeleenthede ✓✓
- Indirek is 6.9 % van die werksmag betrokke by toerisme in SA ✓✓
- 'n Aansienlike deel van toeristebesteding gaan vir informele sektor aktiwiteite ✓✓
- Toerisme maak 'n gelyke bydrae tot BBP en werksverskaffing – dui daarop hoe arbeidsintensief die sektor is ✓✓
- DOT toon 'n huidige fokus van die staat op die sektor se potensiaal om entrepreneuriese- en werksgeleenthede te skep vir voorheen benadeeldes ✓✓

3. Armoede ✓✓

- Toerisme maak 'n aansienlike bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping – nie voldoende om armoede uit te wis nie – beïnvloed die lewens van die armes op baie maniere/vinnige en effektiewe verdelingsmeganisme in ontwikkeling van landelike gebiede ✓✓
- Sinvolle beleidsriglyne kan potensiële negatiewe effek van toerisme uitkanselleer ✓✓

- Gesogte toeriste-attraksies is geleë in landelike gebiede ✓✓

- Bevorder gebalanseerde en volhoubare ontwikkeling ✓✓
- Verskaf alternatief tot verstedeliking, waar vroue en kinders bemagtig word ✓✓
- Bied verskeie bronne van inkomste aan armes: toegang tot aandele, bemagtiging, skep van vennootskappe ✓✓

4. Eksternaliteite ✓✓

- Voordele wat ontstaan uit ekonomiese aktiwiteite wat nie gereflekteer word in die werklike pryse van transaksies nie – verwys na ekonomiese newe-effekte van sekere transaksies ✓✓
- Toerismestrategieë sal eksterne voordele vermeerder en eksterne koste van verskeie eksternaliteite verminder ✓✓
- Sulke voordele word gewoonlik gemeet in terme van die impak of koste-voordeel analise ✓✓
- Lok groot inkomste, maar veroorsaak omgewingskade ✓✓
- Vinnige groei gerig op korttermynvoordele ✓✓
- Wêreldwyd sal toerisme groei a.g.v. bevolkingstoename en hoër lewenstandaarde ✓✓
- Potensiaal: lok inkomste na land, verminder armoede, beskerm kulturele en natuurlike bates – benodig versigtige beplanning ✓✓
- Noodsaaklik dat etiese en volhoubare toerisme bereik word – moet tradisie en gebruike van die gebied respekteer, terugploeg van verdienste in plaaslike gemeenskappe – gebied moet beskerm word as toeriste-aantreklikheid ✓✓

5. Omgewing ✓✓

- Mense het baie meer bewus geword van die negatiewe omgewingsgevolge en implikasies vir verbruik en vermorsing ✓✓
- Toerisme se verwantskap met die omgewing is kompleks – behels baie aktiwiteite wat omgekeerde omgewingsgevolge het ✓✓
- Lei tot beklemtoning van ekotoerisme-ontwikkeling – behels riglyne vir bestuur van sosiale, ekonomiese en omgewingsimpak van toerisme ✓✓
- Mikpunt is om gelyke verspreiding van voordele te verkry vir die totale bevolking ✓✓
- Plaaslike gemeenskappe is betrokke in toerisme om hulle plaaslik te bemagtig ✓✓
- Ekotoerisme – ontwikkeling omvat beginsels van ekologiese bewaring ✓✓
- Permanente omgewingsherstrukturering ✓✓ bv. Snelweë, lughawens ✓✓

6. Infrastruktuur ✓✓

- SA het moderne, wêreldklas-infrastruktuur, gesofistikeerde vervoerstelsel, laekoste en wydverspreide beskikbaarheid van energie en gevorderde telekommunikasienetwerk ✓✓
- Kwaliteit infrastruktuur sal volume toerisme verhoog – vereis goeie vervoerfasiliteite, goeie instandhouding van paaienetwerk en puik toerisme akkommodasie, soos hotelle en gastehuise ✓✓
- Meeste sentrums het 'n goeie vervoernetwerk, gevorderde paaie- en hoofweg infrastruktuur ✓✓
- Behoorlike infrastruktuur-beplanning nodig om die groei in toerisme te akkommodeer ✓✓
- Ontwikkeling van infrastruktuur kan gesien word as openbare investering ✓✓

7. Meting van toerisme ✓✓

- Daar moet 'n rede vir die besoek en aktiwiteit wees ✓✓
- Geen vergoeding mag verdien word nie ✓✓
- Die minimum tydperk van verblyf is een nag ✓✓
- Die maksimum tydperk van verblyf is een jaar ✓✓
- Die reisafstand moet meer as 160 km. wees ✓✓

8. Genereer buitelandse valuta ✓✓

- Elke keer as buitelandse geld plaaslik spandeer word, verseker dit betalingsbalans ewewig ✓✓ **(Maks 30)**

STEL MANIERE VOOR WAAROP BELASTINGINKOMSTE AANGEWEND KAN WORD OM TOERISME TE BEVORDER

- Spesiale en denkbeeldige belastingaansporings kan aangebied word om sekere sosio-ekonomiese doelwitte in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf te bereik ✓✓
- Die owerheid kan spesifieke doelwitte teiken vir spesiale gunstige belasting hantering in die vorm van belastingvakansies of rabatte en belasting krediet-skemas ✓✓
- Bv. Aanmoediging van ekotoerisme ✓✓ /moedig toerisme aan in geselekteerde streke ✓✓ /KMMO betrokkenheid met die klem op die informele sektor ✓✓ Swart bemagtigingaansporings ✓✓
- Spesiale belastingbeleide kan toegepas word op onderwys en opleiding programme ontwerp om menslikekapasiteit-beperkings te oorkom by verskeie vlakke van die industrie ✓✓
- THETA is verantwoordelik vir onderwys en opleiding in die toerisme industrie ✓✓

(Maks 10)

SLOT

Vanuit die bostaande bespreking is dit duidelik dat toerisme 'n baie belangrike rol in enige ekonomie speel, maar dat sekere effekte van toeriste aktiwiteite skadelik kan wees vir die gemeenskap en ook hoe die staat 'n rol deur belasting in die groei van die toerisme industrieë kan speel. ✓✓
Enige ander relevante slot. **(Maks 2)**

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5) **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou